Moreletapark
GEMEENTE | CONGREGATION

27 (0)12 997 8000 | 086 677 8888
info@moreleta.co.za | www.moreleta.org
De Villebois Mareuil Drive 1353, Moreletapark x83
Posbus 39541, Moreletapark, 0044

28 Maart 2018

MPG (Moreletapark Gemeente) vat hande met MPA (Moreletapark Assosiasie) se "Keerpunt" program op DStv Gospelkanaal 343 | TBN in Africa: "Strome" program

Dit is vir ons Gemeente hartseer dat ons Sondageredienste op kykNET tot 'n einde gekom het, maar dit was ongelukkig kykNET se besluit en buite ons beheer. kykNET het vanaf 1 April weggedoen met die middagslot vir gospel/eredienste op Sondae en slegs die oggendslot vir eredienste het oorgebly. kykNET het verder versoek dat die Sondagoggenderedienste en die weeksoggende se vroeë oordenkings op kykNET, deur dieselfde Gemeente/produksievervaardiger hanteer moet word. Ons Gemeente het ongelukkig nie die kapasiteit by ons ateljee om soveel televisieproduksies te hanteer nie. Gevolglik het Mosaiëk Gemeente die Sondagoggenderediensslot by ons oorgeneem en hanteer hulle ook dan die oggendoordenkings. Enige verdere navrae of kommentaar hieroor kan aan kykNET se Facebookblad gerig word.

Die goeie nuus is, dat Moreletapark Gemeente se eredienste elke Sondag lewendig op Youtube ge"stream" word. Ons is egter besig om te reël dat ons eredienste ook op die "Keerpunt" program van die Moreletapark Assosiasie op DStv se Gospelkanaal, TBN/343, om 07:00 op Sondagoggende uitgesaai sal word. Ds. Dirkie van der Spuy hanteer reeds sedert Mei 2015 die "Keerpunt"-program op TBN se kanaal 343 en vat ons nou hande met "Keerpunt" om ook ons MPG eredienste daar uit te saai. Die nuwe verpakking van die erediensprogram sal as "Strome" bekend staan en vanaf 3 Junie 2018 op die lug wees. Met hierdie program wil ons kykers se harte, gees en lewens steeds verkwik met wye waterstrome van God se seën. Die program sal relevante geestelike, aktuele en Skrifgetroue boodskappe bevat. Ons wil graag ons lojale kykers behou en steeds tot seën wees deur TBN kanaal 343. Kyk dus elke Sondagoggend om 07:00 na ons gemeente en ***mpa*** se uitsendings.

Bestel gerus enige van ons boodskappe by bestellings@moreleta.co.za of by 012 997 8111. Kyk na meer as twee jaar se preke op ons Youtube kanaal "Moreleta Live". Die Bestuur van Moreletapark Gemeente waardeer die oorweldigende terugvoer ontvang wat ons TV-program op kykNET betref en ons hoop dat u steeds deur ons boodskappe geseën sal word op TBN kanaal 343!

Seënwense,

Moreletapark Gemeente Leierskap